

13 Junie Psalm 24

(Teks: 24:1)

Alles behoort aan die Here

Die digter beleef dit, dit het tot hom deurgedring, dit vorm 'n integrale deel van hulle lewe: Hierdie aarde waarop ek my bevind, en die lewensmoontlikheid wat dit vir my gee, is alles God s'n.

Hy gee die lewe, Hy gee die lewensmiddele vir my. Ek is van Hom diep afhanklik. Sonder Hom en sy bemoeienis met sy skepping kan ek nie een voet voor die ander sit nie, kan ek nie een asemtog gee nie.

Die goud en diamante, die plase en die grond met hulle wasdom en vrugbaarheid, die beeste en skape - alles is syne. Maar Hy stel dit alles netso tot my beskikking om met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid te gebruik. En natuurlik moet ons dit in voortdurende afhanklikheid en biddende gebruik.

Psalm 62:10 leer ons: *"Mense is verganklik, mense is niks: op 'n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle minder as niks."* Maar ten spyte van die feit dat ons so nietig is, kom God tog en sê in Psalm 24 vir ons: Ons behoort aan Hom.

Niks kan ons van die liefde van God skei nie. Niks kan die eiendoms-reg wat God oor ons het ongedaan maak nie. Jy is nou God se kind en die dag as jy jou laaste asem uitblaas, dan bly jy nog steeds sy kind.

Dr. A.H. Grové (Klerksdorp-Noord)